

Jakobus 5:7

Vriende, julle moet geduldig wag totdat die Here kom. Julle weet dat 'n boer geduldig wag om al die koring op die land af te sny. Hy moet geduldig wag totdat die vroeë reën en die laat reën geval het. (Die Bybel vir Almal)

27 Sep – 3 Okt 2015

TEMA
van die week

So: Jakobus 5:13-20
Ma- Di: Ester 7:1-6, 9-10; 9:20-22
Wo-Do: Psalm 124
Vr-Sa: Markus 9:38-50

BYBEL
tyd 

Wag geduldig

BID
tyd

Dankgebed (Gebed voor ete)

Dankie dat ons kon wag vir die kos om voorberei te word, sodat ons dit kan eet.

Oorgee-gebed

Laat my "ja" so wees, en my "nee" ook.

Seëngebed (Seën mekaar elke oggend so)

Mag jy vandag geduldig op die Here wag.

GESELS
tyd
Ons gesels saam oor
ons lewe en geloof

Lees Jakobus 5:1-13

Oopskop vraag: Wat het jou geraak in die teksgedeelte en watter vrae het by jou opgekom?

Raakvat vrae:

- Vertel van 'n keer toe jy onregverdig behandel is? Hoe het dit gevoel? Waarom is regverdige behandeling van werkers so belangrik? (v4)
- Hoe pas Job by hierdie gedeelte in? (v11)
- In vers 11 staan daar: "Ons dink dat die mense wat geduldig wag, gelukkige mense is." Waar het jy al gesien dat dit so is?
- Waarvoor wag ons? Hoekom is ons geduldig?
- Watter uitdaging stel dit aan jou vir hierdie week om geduldig te wag vir God?

SPEEL
tyd
Ons spandeer kwaliteit-
tyd saam

Speel 'n interessante wagspeletjie. Een persoon maak sy/haar oë toe, en strek sy/haar arm na iemand anders toe uit, met die palm na bo. 'n Ander persoon neem die hand in een hand, en met die ander hand plaas jy jou wys- en middelvinger op die eerste persoon se pols. "Loop" stadig, met klein treetjies met die twee vingers op die persoon se arm. Jy is stadig op pad na sy/haar elmboog toe (die binnekant). Die persoon met die toe oë moet raai wanneer die ander persoon se vingers binnein die elmboog is, en sê "stop". Gewoonlik sê mense te vinnig "stop". Kyk wie kry dit reg met die eerste keer. Wat sê die speletjie oor geduld?

DOEN
tyd

Ons oefen ons geloof
op 'n praktiese manier

Neem 'n bottel water of 'n koeldrank vir iemand wie se werk dit is om te wag, bv. 'n sekuriteitsbeampte by die skool, of 'n koerantverkoper by die verkeerslig.

LEEF
tyd

Ons leef ons geloof
heel week uit

Tydens een ete van die dag, na die gebed vir ete, wag julle vir tien sekondes in stilte voor julle begin eet. Julle kan tydens die ete vir mekaar vertel wat jy gedink en gevoel het terwyl jy gewag het om te kan eet.

Ontwikkel deur
in samewerking met nous.org.za

NOUS